356 Hill St., Pretoria,

14 Feb.,'33.

Waarde van Graan,-

Jou brief van gister ter hand. Ek is bly om te verneem dat ons jou vader hier sal sien. Ek hoop net hy kom gou ! Die vakansie loop op 'n end, en dan sit 'n mens so vas. Om nou myn verslag voort te set: Die Mint raporteer als volg: Die arm- of halsband is 91.23% goud

| | |
|---|---|
| Plat stuk | 91.59% goud |
| Geronde stuk | 93.82% goud |
| krale | feitelik suiwer goud. |

Dit is dus 'n vonds van die grootste wetenskappelike belang, want sover ek weet is dit die eerste vonds van bewerkte goud in Transvaal. As ons nou ook dinge in ander metale kan ondersoek, en,- beste van alles,- gebeentes en kopskedels veral, kan kry, dan sal ons mooi op pad wees om die geheim agter te kom. Maar, laat my weer met nadruk waarskuw: gebeentes is dikwels sò bros, dat dit vergaan sodra daar lug by kom; dus moet liewer nie verder krap nie, eer 'n etnograaf daar is, om met plaster of paris,ens, maatreels te neem om sulke vondse te bewaar.

Nog, 'n waarskuwing: die wet is 'n ding vol kinke; als 'n ondersoeker iets per ongeluk kry op 'n ander se grond, kan hy aanspraak maak op eiendom, als hy gaan soek naar die ding en dit kry, dan kry die eienaar van die grond die helfte ! Dus julle moet saggies werk en veral nie te veel praat nie!Als julle ondersoek-regte wil bekom, moet julle eers die ding met 'n wetgeleerde bespreek. Ek sal jou vader graag wil help als hy hier is. Advokaat Roberts, b.v. sal hom die beste raad gee, en volstrekt eerlik.

Dus stuur jou vader maar so gou as mogelik naar Pretoria. Myn telefoon nummer is 8114. Als hy my , by sy aankoms telefoneer, sal ek hom ontmoet. Ook moet jy my laat weet, wanneer hy kom. Intussen, nogmaals, moenie laat krap nie, want alles moet eers ongestoord ondersoek worde.